A Traditional continental English Breakfast is served.

Secure undercover parking with electric gate and electric fencing



FACILITIES

Internet, Fax & Photocopy facilities

Playground for children

Tea & Coffee Facilities

Bar & Lounge with fireplace

Lapa, braai area and swimming pool

Credit Card Facilities



Contact : Stelle Theron - 082 447 90 53

18 Dreyer Street, Universitas

WALKING DISTANCE FROM UNIVERSITY

& VODACOM PARK

2010 FIFA WORLD CUP

Staff and students have their say



Brandon Bosch



Helen-Mary Cawood



Attie Alberts



Denie Steenkamp



Samuel Mensah

After anticipating the dawn of 2010 for so long, it is finally upon us. Some may feel unprepared, while others are counting down the days. What expectations will be exceeded? What disappointments will we face? One thing is certain: South Africa, together with the rest of the world, is holding its breath. Ula van Zyl found out more about the expectations of Kovsies staff and students.

Brandon Bosch, SRC: Sport at our university, is a soccer fan. He supports the Kaiser Chiefs, Celtics and Chelsea. He believes that hosting the World Cup will promote soccer in South Africa: "It will stimulate domestic teams to invest in development programmes for soccer." According to him, Bloemfontein's economy will boom, as in the rest of the country. He does foresee some problems, though. "Not having enough accommodation might become a crisis." But does he think South Africa is ready to host the world cup? "Yes, definitely." Brandon is looking forward to attending some of the matches to be held in Bloemfontein.

Helen-Mary Cawood, a junior lecturer in Philosophy, is very positive about the recognition that the rest of the world will finally give to South Africa, and Africa as a continent. "I am hoping that it will draw the attention of international investors and developers to the talent that is in abundance in South Africa. Helen also believes that the passion that Bloemfontein Celtic supporters have for soccer, cannot fail but to impress the international community as to the depth of love that Bloemfontein people has for the game." Locally she supports the Bloemfontein Celtics and, of course, Bafana Bafana. She herself will be attending the Bafana Bafana versus France match.

Attie Alberts, Sports Editor of the IRAWA, thinks we might be expecting too much from the 2010 FIFA World Cup: "I feel the hype was over-emphasised, and that we entrust the event with too much. When we look at who's really benefiting financially, then there's nothing to be excited about. SAFA will obviously cash in, and FIFA will be smiling all the way to the bank." He also fears that the development taking place will not benefit the people who need it the most. He does, however, feel that South Africa can benefit from the 2010 FIFA World Cup. He feels that the event will unite South Africans under a single cause; South Africans can let South Africa shine. "Everyone should just do his or her part in promoting our country. Whatever you do, don't watch a match on your own. Get friends and family, a cold drink or two and a vuvuzela. Now that's ayoba!"

Denie Steenkamp, Professional Officer for the Department Quantity Surveying and Construction Management doubts that she will be attending any matches: "I shall stay home and enjoy it on television. I do not like crowds and noise." Although not a big soccer fan herself, she believes that the World Cup will promote the popularity and development of soccer in South Africa: "Children will like to follow all the soccer heroes." Her advice to all South Africans is to go with the flow and enjoy the experience.

Samuel Mensah, Economics lecturer at our Qwaqwa Campus, used to play soccer as a child. He is very excited, as he feels that hosting the 2010 FIFA World Cup should promote soccer in South Africa: "More South Africans have been drawn into the 2010 FIFA World Cup mood than ever before and more young South African will be drawn to watch more of the matches than ever before. They will see tricks and moves that they would want to practise on the pitch themselves, which will lead to development of skills." He believes that South Africa is ready for the 2010 FIFA World Cup infrastructure-wise, but also fears the crime factor. Economically he feels that the 2010 FIFA World Cup has made, and will continue to make, huge financial injections into the economy, which will produce multiplier effects for some years to come if things are managed properly. He is looking forward to attending some of the matches.

No matter what our expectations are, 2010 is sure to be a year we will never forget. During the 2010 FIFA World Cup, our university will not be closed, so staff members thinking of taking leave between 9 June 2010 and 13 July 2010 will need to apply as usual. Kovsies will also be doing its bit to ensure the smooth running of the tournament. Residences on our Main Campus in Bloemfontein will be made available and will provide accommodation packages to supporters and officials.

Italiaanse

akademikus leer by SIFE-UFS

Prof. Sergio Bortolani van die Universiteit van Turyn in Italië het onlangs 'n besoek aan ons Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe afgelê. Ons universiteit streef na betrokkenheid by ander universiteite en daarom is ons samewerkingsooreenkoms met die Universiteit van Turyn 'n klinkklare bewys hiervan. Studente aan die twee universiteite kry die geleentheid om vir een semester met mekaar uit te ruil. Dosente van beide universiteite besoek mekaar oor gereeld en hulle deel graag hul kennis en ervaring met mekaar. Op hierdie manier vind almal baat by die ooreenkoms. Die Universiteit van Turyn het nie 'n SIFE (Students in Free Enterprise)-tak nie. Tydens prof. Bortolani se besoek het die lede van SIFE-UFS hom meer oor hulle aktiwiteite vertel. Hy het dus waardevolle inligting huistoe geneem na sy eie studente. - **Lize du Plessis**

Ambassador of Japan pays us a visit

Our university recently had the honour of hosting His Excellency Mr Toshiro Ozawa, Ambassador of Japan to South Africa when he and his delegation visited our university as part of the centenary celebrations of trade between Japan and South Africa. He was received and welcomed by Prof. Ezekiel Moraka, our Vice-Rector: External Relations. "We are embarking on a campaign to raise funds for various projects. We want to form a partnership with Japan and find ways of working together to accomplish this. We are also looking at ways in which Japan can become involved in our university and its research," said Prof. Ezekiel. Mr Ozawa also delivered a lecture to a group of staff and students on our Main Campus during which he discussed Japanese-South African relations. - **Lacea Loader**

'n Geheue vir die toekoms

"Ten einde vandag verantwoordelik te leef, moet 'n mens die verlede en die toekoms ernstig opneem," het prof. Rian Venter, Departement Dogmatologie, tydens die Teologiese dag van ons Fakulteit Teologie opgemerk. Verskeie sprekers het tydens die geleentheid leraars, teologiese studente en ander belangstellendes uitgedaag om sowel terug as vorentoe te kyk. Prof. Lucius Botes, Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe, het die belangrikheid van sosiaal-politieke geletterdheid beklemtoon. Hy het 'n beroep gedoen vir groter samewerking tussen leraars en mense van ander professies in die bou van 'n blink toekoms. 'n Paneelbesprekking na afloop van die referate het lewendige deelname van die gehoor ontlok. Die Teologiese dag was terselfdertyd die ampelike opening van die Fakulteit Teologie wat ook hierdie jaar sy dertigste bestaansjaar vier.

- **Lyzette Hoffman**

UFS academic honoured by the University of Antwerp

Prof. Dingie Janse van Rensburg, of the Centre for Health Systems Research and Development at our university, will be awarded an honorary doctorate by the University of Antwerp in Belgium later this year. "On behalf of the academic authorities of the University of Antwerp, I am pleased to inform you that, on the recommendation of the Faculty of Political Sciences, our university would like to bestow upon you the title of Doctor Honoris Causa in recognition of your expertise in the field of sociology and social policy in health care," wrote Prof. A. Verschoren, the Rector of the University of Antwerp, in the letter to Prof. Dingie. The presentation of the honorary degree will take place on Thursday, 29 April 2010 in Antwerp.

- **Mangaliso Radebe**

Industrial Psychology does well in evaluation

Our Department of Industrial Psychology received an overall rating of 85% from the Health Professions Council of South Africa (HPCSA) for its B.Psych. (Industrial Psychology) Programme when rated at the end of 2009. According to the panel our department provides a good academic and practical programme with clear goals and outcomes. The academic and practical components of the programme are integrated well, and the coordination is of a very high standard. The department also offers an excellent structure for the practical internship programme and was commended for that. - **Lacea Loader**



**SPESIALISEER IN KORTTERMYNVERSEKERING
SPECIALISING IN SHORT-TERM INSURANCE**

Kontak ons by/ Contact us at Tel: (051) 447 6877
Faks / Fax: (051) 447 5758 of
e-pos / e-mail: mmbloem@mweb.co.za

Puik dienslewering deur persoonlike kontak, effektiewe eisebestuur en risiko beperking, wat lei tot lae premies en u gemoedsrus te bied.

Excellent service delivery through personal contact, effective claims and risk management, which results in lower premiums to give you peace of mind.

Spread the word

Our university featured quite a lot in the print and broadcast media since the beginning of this year:

- Our Rector and Vice-Chancellor, Prof. Jonathan Jansen was requested quite frequently to give comment on his view of the Grade 12 results and the state of education in South Africa. This was carried by *The Herald*, e24, SABC3, 702, SAfm, Agence France Presse and Associated Press.
- The men's hockey teams of Germany and The Netherlands used our astro hockey fields as practice fields during their visit to South Africa. This was carried by among others *Die Burger* and *Volksblad*.

- The language debate initiated by Mr FW de Klerk, in which our university also took part, was covered by among others 702, SAfm and RSG.
 - Our Department of Agricultural Economics' bursary programme for students studying agricultural economics was carried by RSG, *Volksblad*, etc.
 - Human trafficking and the increasing tendency thereof in South Africa got coverage on among others RSG, 5FM and SAfm. Adv. Beatri Kruger from our university gave comment on the matter.
 - Prof. Jansen's visit to schools in February 2010 was covered by *Lesedi FM*, *Ukhozi*, *Umhloholo Wenene*, *Daily Dispatch*, *Die Burger*, etc.
- **Lacea Loader**



1. Prof. Jansen with learners from the Bishop Dumont Secondary School in the Eastern Cape.
2. Adv. Beatri Kruger who commented in the media on human trafficking.
3. Germany's men's hockey team practising on our astro's.

Louis neem dubbele dosisse van sy eie medisyne

As 'n mens deur dr. Louis Holtzhausen se CV werk, moet 'n mens nogal kophou. Net by ons universiteit alleen is hy Programdirekteur in Sportgeneeskunde aan ons Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Hoof van Gesondheid en Welstand, asook Direkteur van Kovsiesgesondheid. Hy dien ook op verskeie nasionale en internasionale sport- en mediese liggeme. Dan was hy tot einde verlede jaar President van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportgeneeskunde en hy is ook in Oktober 2009 deur hierdie organisasie met lewenslange erelidmaatskap vereer. **Leatitia Pienaar** het met hom gaan praat.

My eerste vraag is: Hoe hou 'n mens al die balle in die lug? Ek het 'n baie ondersteunende, geduldige vrou, Elizbé, en kinders. 'n Mens moet ook ander mense met jou saamneem en hulle begeester. 'n Mens moenie skaam wees om te werk nie. Jou tydsberekening moet ook goed wees.

Hoe het jou pad tot hier geloop? Ek het in 1992 die pos as Direkteur: Studentegesondheid by ons universiteit gekry. Die groot beweegrede vir my skuff uit my praktyk in Durban was om meer op sportgeneeskunde te fokus. Dit was 'n nuwe, vars vakrigting met baie baanbrekerswerk wat al reeds onder dr. Dawie van Velden by die UV gedoen is. Die werk was vir my 'n groot uitdaging.

Hoe sien jy die pad vorentoe vir sportgeneeskunde in Suid-Afrika? 'n Mens kan eerder praat van sport- en oefengeneeskunde. Dit sluit aan by die beginsel dat die liggaam 'n holistiese eenheid is en dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves. Oefening is voorkomende "medikasie" en as

sodanig is die teikenmark nie net mense wat aan sport deelneem nie, maar elke lid van die gemeenskap. Oefening het dieselfde uitwerking as Prozac ...

Wat van jou loopbaan staan vir jou uit?

My hele reis in rugby is vir my 'n hoogtepunt: om van spandokter in die amateur-era tot die professionele era te beweeg, om mense te ontmoet en plekke te sien wat geen geld kan koop nie. Die verering deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportgeneeskunde sal my ook bybyl. (Hy was vir tien jaar die spandokter vir die Vrystaatse Cheetahs, die SA Universiteite, Cats Super 12, Suid-Afrika A en die Springbok-oefenkamp, die SA onder 21's, die Vrystaatse Super 10's en Super 12's, die SA Technikon-span, die Suid-Afrikaanse Parlementêre Rugbyspan.)

Waarvoor sal jy eendag onthou wil word?

Eerstens dat ek 'n positiewe bydrae gelewer het tot die ontwikkeling en groei van sportgeneeskunde in Suid-Afrika tot 'n spesialiteitsrigting. Ek sal ook onthou wil word dat ek 'n bydrae gemaak het om die konsep van "oefening as geneesmiddel" uitgedra het en dat dit algemeen in die geneeskunde gebruik word. 'n Dokter moet nie net navraag oor 'n pasiënt se mediese geskiedenis doen nie, maar ook oor sy oefengeskiedenis, en dan ook in hierdie opsig 'n voorskrif gee.

Watter dinge lê jou na aan die hart? Om my kinders te sien groot word. Johann (19) is 'n student in klank- en media-ingenieurswese aan Unisa en my dogter, Lisa (17), is vanjaar in matriek aan Eunice. Ek het hulle so min gesien toe hulle kleiner was en rugby my lang tye van die huis weggegneem het.

Ek merk in die CV net so vier woordjies onder stokperdjies: padwedlope, fietsry, fotografie,

musiek: Ek hardloop graag en ry fiets. Fotografie is een van my stokperdjies en ek ontspan graag met klassieke musiek. Van my gunstelinge is Mozart se klarinetkonsert en Elgar se tjello-konsert, om maar 'n paar te noem. Ek het self klarinet gespeel.

En daardie een ding wat min mense van jou weet? Ek is 'n rocker. Ek was in my studentedae leier van die UV se varsity band en het na my terugkeer na Bloemfontein vir twintig jaar in 'n rock band, Be9, gespeel ... Hieroor gaan my seun my siel uittrek ...

Miskien moet 'n mens eers jou stapskoene uittoets voordat jy 'n pil gaan vra vir hierdie entoesiastiese man.



Foto's uit dr. Louis Holtzhausen se eie versameling wys hier hoe hy in die natuur is, aan 'n marathon deelneem en natuurlik die foto waar hy in die orkes is.

Van appels, bome en

Die appel val nie ver van die boom af nie, sê hulle graag. Soms val die appel sommer in die moeder gestap het – en steeds trap – se ma's werk ook by die Universiteit van die Vrystaat. Nou ja, ons het a



Die Dednam's

Engela Dednam spog met twee sportster-seunskinders. Sy het BCom (BCom Hons, MCom) en HOD ge-swot en is vanaf 1974 'n dosent in die Departement Rekenaarwetenskap en Informatika. Die afgelope 13 jaar is sy verantwoordelik vir die Rekenaargeletterheidsmodules.

Beide haar seuns, Chris (26) en Roelof (24), het rekeningkunde by Kovsies studeer. Altwee het ook vanaf 14-jarige ouderdom die wêreld deurkruis op pluimbaltoere, met die hoogtepunt seker toe die twee broers in 2008 aan die Beijing Olimpiese Spele aan die mansdubbelspel deelgeneem het. Pa Martin Dednam is ook aan ons universitet verbond in die Departement Handelsreg.

So gesels Engala oor haar kinders:

Behalwe as sportsterre, skitter Chris en Roelof ook in en om die huis. Hulle kan hul eie beddens opmaak, kook en sommige vakansies het hulle ook help plaveisel lê en dak verf ... nie altyd té gretig nie! En hulle het nogal goed gelyk op die loopplank – tydens hulle skool se matriekmodeparade!

Ons het veral sports wanneer ons kaartspeel ... met karre! Wanneer ons ver gery het, het ons gekyk watter motors "kon 'n pakkie uitsit" met die syfers op hulle nommerplate.

Die twee het my laat sweet toe Chris amper as tweearige verdrink het en pa Martin mond-tot-mond asemhaling moes doen ... gelukkig het Chris nie 'n vrees vir water oorgehou nie. En Roelof het sy enkel tydens 'n kampioenskap gekraak. Maar hy wou nie vir Chris in die steek laat nie en het aanhou speel ... totdat hulle die eindstryd gewen het!

Ek is hulle grootste fan omdat hulle albei uitgesproke Christene is. Beide was as juniors altyd in beheer van hulle emosies - tot frustrasie van hul teenstanders! Hulle is steeds goeie rolmodelle vir die huidige juniors. Hierdie eienskappe maak my trots! Meer as hulle sportprestasies.

Ek sal graag wil sien dat Chris en Roelof kampioene word vir hulle vroue (albei is reeds getroud), dat daar altyd liefde en respek sal wees, en dat hulle goeie pa's sal wees wat gelowige kinders grootmaak. Dalk sal Roelof een dag 'n sportwinkel besit, en Chris 'n rekenmeester word. Dit maak nie eintlik saak nie, solank hulle liefdevolle, konsidererende mense bly!

Chris sê:

Dankie, Ma ... vir al die ondersteuning, liefde, motivering, geduld en erkenning. Dankie vir die rondry, kosmaak en Powerade aandra. Woorde is min, maar weet, ek waardeer dit oopreg.

Roelof sê:

Dankie, Ma ... vir jou opofferinge, en dat Ma my elke dag met 'n glimlag en glinster in die oog groet asof Ma my weke laas gesien het. Ek is trots dat Ma my ma is.

Martin, Engala, Chris en Roelof.

p
people



Die Brüssow's

Saretha Brüssow is die stil ondersteuner van een van die beste "bal-stelers" in ons land! Saretha is 'n senior lektor in ons Beplanningseenheid. Haar passie is die fasilitering van leer by studente in die universiteitsomgewing en dit is ook die area waarin sy klas gee.

Saretha se seun is die 23-jarige Heinrich Brüssow, wat in 2009 sy BCom-graad behaal het, en lankal reeds gewoon is daaraan om die Springbokrugbyspan se groen en goud oor sy kop te trek. Marcel Brüssow, Heinrich se pa, is ook by ons universiteit in die Departement Oefen- en Sportwetenskappe werksaam.

Saretha vertel meer oor die raakvatkind van haar:

Behalwe as sportster, skitter Heinrich ook as kok! Hy pak kosmaak met 'n eiesoortige vurigheid aan en eksperimenteer graag – die uiteindelike resultaat word dan met die ywer van 'n vlugteling verorber.

Ons het veral sports wanneer ons as gesin by die huis is. Sy lewenslus, tergees en kwinkslae sorg vir baie pret, veral wanneer ons kaart speel – Heinrich weier om 'n spel te stop as hy nie as wenner uit die stryd tree nie. Sy wedwyering en humoristiese pogings om ten alle tye (en koste!) te wen, dien as groot vermaak vir die hele gesin.

Heinrich laat my (steeds elke keer) sweet as hy kop eerste tydens 'n rugbywedstryd in 'n losgemaal induik. Dit bly 'n angsvolle oomblik en verg inspanning om as toeskouer kalm en stil te bly sit tot hy "ongeskonde" uit die harwar opstaan.

Ek is Heinrich se grootste fan, want hy leef elke oomblik ten volle. Hy is altyd positief en gebruik teleurstellings as 'n uitdaging om beter te doen. Sy passie vir die lewe sluit ook 'n passie vir regverdigheid in. Verder openbaar hy 'n besondere empatie vir sy medemens. Ek het hom alles óór die lewe probeer leer, maar hy het my geleer waaroor die lewe gaan: om in geloof koers te hou.

Ek sal graag wil sien dat Heinrich 'n kampioen word in volle "menswees", m.a.w. dat hy een dag sal kan terug kyk op 'n lewe vol vervulling, vreugde (én vrede), dat hy sy kanse in die lewe en talente ten volle benut het en dat hy kan sê: "... dit was goed vir my én almal wat die pad saam met my geloop het."

Heinrich sê:

"Dankie, Ma ... dat jy my geleer het om hard te werk – ek hoef net jou voorbeeld te volg! Dankie vir jou stille ondersteuning, dat jy altyd dink ek's die beste – al het my span 'n wedstryd verloor."



Foto: Versaf

Foto: Hannes Pieterse

uitblinkers gepraat ...

skoot! Want vyf super sportsterre wat diep spore op KovsieKampus altyd geweet Kovsies is 'n trappie bo die res!

Deur Cindé Greyling

Die Cronje's

Sarina Cronjé is die trotse ma van 'n Olimpiese atleet. Daarom is dit seker net gepas dat sy by KovsieSport werk. Sy is self immers al vanaf 1982 'n atletiekafrigter. Sarina is ook 'n oud-Kovsie wat in 1978 haar BSc en HOD behaal het.

Johan Cronjé (27), wat beslis van sy atletiektalent by Sarina geërf het, het by die 2004 Olimpiese Spele, asook by die 2005 en 2009 Wêreldkampioenskappe die 1 500 meter kaf gedraf. Boonop het hy in 2007 sy BCom Sportbestuur behaal en die jaar daarop 'n honneursgraad.

Sarina verklap 'n paar dinge oor haar langasem:

Behalwe as sportster, skitter Johan ook as getroude man in die huis. Van skoonmaak tot wasgoed ... dalk het al my pogings om hom en sy twee broers meer "huis-vriendelik" te maak, gewerk!

Ons hetveral sports wanneer ek sit en kyk hoe pa en seuns woel! Ek was maar selde deel daarvan! Johan was darem die een seun wat dit saam met my in 'n mall sou waag. Maar my en Johan se beste tye saam was langs die atletiekveld.

Johan het my laat sweet toe hy en sy twee broers grootgeword het! En nie een keer nie – pal! Ek het 'n paar keer geys as hulle met hul Swartkat-uitrustings die strate ingevaar het op hul geheimsinnige sendings ...

Ek is Johan se grootste fan, want hy het meer deursettingsvermoë as enige ander atleet, wat ek ken. Johan het al soveel beseringstleurstellings beleef. Net wanneer hy op sy beste is, kom die besering en moet hy maar weer voor begin. En hy doen dit elke keer, met selfs meer ywer as vroeër.

Ek sal graag wil sien dat Johan 'n kampioen word in sy huwelik met Claire, met dieselfde uithoueremoë en geduld as op die atletiekbaan. As hy die dag pa word, moet hy ook 'n kampioenpa wees, wat sy kinders verstaan en ondersteun.

Johan sê:

Dankie, Ma ... dat Ma die eerste is wat my gelukwens as dit goed gaan en ook die laaste een is wat my bly staan as dinge nie so waffers gaan nie. Dankie dat Ma my nog altyd ondersteun het – of ek nou Ma se raad gevolg het of nie; dat Ma genoeg omgee om 'n bak lasagne vir my te maak om huis toe te vat, want Ma weet, ek mag dalk te moeg geoefen wees om self kos te maak. Baie dankie, Ma!



Sarina en Johan.

Die Steinmann's

Wilma Steinmann is die lewenslustige vrou agter 'n ewe energieke en mooi meisiekind. Behalwe vir die "opwinding" in die kantoor van die Registrateur: Strategiese Beplanning, jaag Wilma graag met 'n viertrekmotorfiets in woestyne rond! Verder laat bergfietswedrenne die bloed behoorlik deur haar are bruis. Sy het ook al met 'n bodyboard by duin 7 in Walvisbaai afgegly, want "mens leef net eenmaal!"

Die mooie Mioné, aangewys as mej. Persoonlikheid by die Joolkroningsbal, is tans besig met 'n BA (MBW) en sy is gekies vir die Suid-Afrikaanse o.19-netballoefengroep. Mioné was verlede jaar ook deel van die Vrystaat se o.19-netbalspan wat die goue medalje by die S.A.-o.19 en -o.21 toernooi in Mafekeng verower het.

Wilma vertel meer oor Mioné se doen en late:

Behalwe as sportster, skitter Mioné ook op die verhoog! Ons was self verbaas om haar by die sêr 'n solo te hoor sing – sy het nog nooit voorheen so 'n geleentheid gehad nie. Wie weet, dalk volg 'n graad in drama later.

Ons hetveral sports wanneer ons gou by 'n winkel indraf om net een dingetjie te koop, want kort voor lank staan ons met armsvol klere voor die aantrekamer en probeer die winkelassistent oortuig, dis minder as vyf! Daarna moet ons natuurlik van totale uitputting eers ietsie heerliks gaan eet.

Mioné het my laat sweet toe sy by Oribi Gorge in Natal by die kranse afgespring het met die bekende swaai aan 'n rek. My hart het behoorlik bollemakiesie geslaan. Een oomblik staan sy nog bo, toe is sy net 'n spikkeltjie doer onder ... maar sy't dit soos 'n pro gedoen!

Ek is Mioné se grootste fan, oor haar humorsin, aansteeklike lag, en passie waarmee sy nuwe uitdagings aanpak. Haar deernis vir minderbevoordekte mense maak haar ook baie spesiaal. Sy probeer altyd 'n plan maak om 'n slegte situasie te verbeter.

Ek sal graag wil sien dat Mioné 'n kampioen word in elke dag, want gister is verby en mōre het nog nie aangebreek nie. Ek hoop, sy sal besef dat sy altyd haar positiwiteit, passie en sleutel tot geluk in haar eie hande hou en dat sy altyd respek vir die lewe, geleenthede, die natuur en diere sal behou. Vir my meisiekind wens ek, dat haar drome sal waar word en, dat sy op die regte tyd 'n lewensmaat sal vind, wat ook terselfdertyd haar grootste vriend sal wees.

Mioné sê:

Dankie, Ma ... dat jy altyd soveel moeite doen om al my wedstryde by te woon. En dankie dat jy "ma speel" vir al my maats wat homesick is, en hulle eie ma's min sien!



Wilma en Mioné.



Dr. Glen Taylor.

Foto: Leatitia Pienaar

PATENTE

nie meer 'n vreemde woord nie

Die beskerming van ons universiteit se intellektuele eiendom en uiteindelike uitbouing daarvan tot 'n stewige derdestroominkomste vir die universiteit het in 2009 momentum gekry met 'n goeie klomp patente wat deur ons universiteit geregistreer is.

Dr. Glen Taylor, Direkteur: Navorsingskommersialisering en Besigheidsontwikkeling, wat aan die stuur van die registrasies was, sê ons universiteit het verlede jaar dertien patente geregistreer. Dit is die meeste in die land. Sover vanjaar is daar reeds twee wat wag om afgehandel te word, en hy hoop om vanjaar namens die universiteit meer patente as in 2009 te regstreer.

Die meeste van die patente is in die mediese en landbou- en natuurwetenskappe.

Ons universiteit is in gesprekke met verskeie farmaseutiese maatskappye, asook ander maatskappye met die oog op gesamentlike ondernemings waaruit die universiteit geldelike voordeel kan trek. Kommersialisering en besigheidsontwikkeling hou ook vir personeel voordele in. 'n Formule bestaan waardeur die personeellid of -lede wat betrokke is by die ontwikkeling van die tegnologie, asook die betrokke fakulteit geldelike voordeel trek.

Ons universiteit se beleid om sy intellektuele eiendom te beskerm is reeds geformuleer en 'n kommiersialiseringsbeleid kan in die nabije toekoms verwag word. Besprekings hieromheen het reeds verlede jaar begin. - **Leatitia Pienaar**

A 26% improvement

takes some doing

Astonishing! There is no other word to describe our university's progress with its Career Preparation Programme (CPP) aimed at students with potential who did not obtain matriculation exemption for further studies at a higher-education institution.

François Marais, Director of our Centre for Higher Education Studies and Development, says the average pass rate was 74 % in 2009, about 26 % higher than in 2008. It is also more than 20 % higher than for any other year since the inception of the programme.

Last year about 900 students enrolled for the programme and since the inception of the programme in 1993, more than 4 000 students have enrolled for degree studies at our university after completing the programme. By 2006 more than a thousand degrees had been awarded, of which seven received their MBChB degrees.

Through partnerships the CPP is delivered not only in Bloemfontein and Qwaqwa, but also in Bethlehem, Welkom, Sasolburg, Kimberley and Oudtshoorn.

The success can be ascribed to many factors, of which the compulsory

attendance of classes was a major contributing factor in 2009. On two successive occasions parents were contacted in cases where students had stayed away from class or when assignments had not been handed in. Students had to hand in sick certificates or other approved documentation if they could not attend classes.

A system was also implemented to make all handbooks, study material and stationary available in the first week after registration. It saved students the time to visit the bookshops to obtain the material and they could start their academic year from day one.

François says the classes are small groups of 40 to 50 students each and the direct contact with facilitators and coordinators has a positive influence on the development of cognitive thinking processes and self learning. More emphasis is also placed on the in-task training of the facilitators and coordinators in their subject fields and to be available and capable to unlock the module content for the students. Facilitators and coordinators were also not allowed to cancel sessions, to be late for sessions, or to end classes earlier than scheduled.

He says last year the emphasis was specifically on the improvement of the academic language skills of the students. Academics were trained to include integrated language development in every subject discipline.

The CPP is regarded as one of the most cost-effective selection and development bridging programmes in South Africa. It is an excellent preparation for students from deprived communities to successfully enter higher education, says François. - **Leatitia Pienaar**

Beste bourekenkundestudent in SA is 'n Kovsie!



Foto: Verskaf

Drie van ons Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur se studente het ons universiteit se naam hoog gehou toe hulle gesogte prysse van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars (VSABR) ontvang het.

Herman Berry het die goue medalje as die beste bourekenkundestudent in die honneursgraad in Suid-Afrika ontvang. Hananja Steyn is in 2008 as die beste nasionale eerstejaarstudent in bourekenkunde aangevys. Sy het ook 'n beurs van die DJ Laing Memorial Trust ontvang. Olive du Preez het 'n kontantprys van Davis Landon ontvang vir haar uitsonderlike prestasie in 2008. Herman is die seun van Frank Berry, 'n dosent by ons Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur en Hananja is die dogter van prof. Das Steyn van ons Departement Stads- en Streekbeplanning. - **Ula van Zyl**

Herman Berry.

Debating team flies Kovsie flag high internationally

Our university's debating team consisting of Moses Masitha and Mhlanganisi Madlongolwana continues to make waves internationally.

In 2009 the team, appropriately referred to as our university's first team, together with three other teams and three adjudicators, represented our university in the 2nd Annual Pan-African Debating Championships in Botswana.

Two of our university's four teams did not disappoint, as they made it to the quarter-finals and semi-finals. However, it was Masitha and Madlongolwana's team that underlined its status as our university's first team by reaching the finals, only to succumb to Rhodes University.

These two accomplished debaters were featured among the 10 best speakers at the tournament, which boasted over 400 debaters from all over the continent.

As if that were not enough, Masitha was voted as the Chairperson of the African Debating Union, the largest debating union in Africa.

Next was the 30th Annual World Universities Debating Championships hosted by the Vehbi Koç Foundation at the Koç University in Antalya, Turkey.

This time our university's first team did not only represent the university and the country, but the entire continent as well. This was due to the fact that Masitha was the Chairperson of the African Debating Union. Two other South African representatives were the Universities of Cape Town (UCT) and the Witwatersrand.

Our university ranked 189 out of 450 teams that competed in the tournament, with UCT the best-ranked South African university.

Masitha and Madlongolwana once again featured in the top half of the best debaters.

Both Masitha and Madlongolwana are members of our university's Student Representative Council (SRC), with the former being the president and the latter responsible for student development. - **Mangaliso Radebe**

Moses Masitha and Mhlanganisi Madlongolwana.

competition we were not even taking part in, really made it feel like a fairytale," he said. "We really did not think it could possibly be true that we won," added Edwin Abrahams, another member of the choir.

It is the first time in the 10 years that the Christmas Music Festival Competition is presented that an overall winner of the festival and the competition was announced. - **Lize du Plessis**



Photos: Supplied

1. With the beautiful glass trophy, are from the left: Rikus van Dyk, Hanri Naudé, Leonette Smit and David du Toit; back: Elsabe Evert, Jan-Picard Berg, Janico Louw (chairperson) and Corné van Pletzen (choir master).

2. In front of the Istvan's Basilica are Hanri Naudé, Jan-Picard Berg and Elsabe Evert; back: David du Toit, Janico Louw (chairperson), Corné van Pletzen (choir master) and Rikus van Dyk.



news



Die grootste skare in jare het die eerste Varsity Cup-wedstryd van die seisoen op Shimlapark bygewoon.

n

nuus

Varsity Cup skop op hoë noot af vir Shimlas

Dis die eerste kwartaal van die akademiese jaar, wat vir die derde agtereenvolgende jaar beteken – Varsity Cup!

Hierdie gewilde rugbyreeks, wat vir nege agtereenvolgende Maandae gespeel word, toon steeds baie groei nadat dit in 2008 geloods is. Shimlas kon egter nog nie in die eerste twee reekse hond haaraaf maak nie en het elke keer sesde geëindig.

Sake lyk egter tot dusver baie meer rooskleurig in 2010 vir die Vrystaatse studente en hulle was ná die tweede ronde van die ENB Varsity Cup, aangebied deur Steinhoff Internasional, nog onoorwonne met 'n 30-elk gelykopuitslag teen die Universiteit van Kaapstad en 'n reuse 54-5 sege oor die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU).

Boom Prinsloo, 'n agtsteman, het 'n gesamentlike Varsity Cup-rekord opgestel deur vier keer te gaan druk.

Shimlas moet vanjaar sonder ervare spelers soos Barry Landman, Roché van der Westhuizen, Drew van Coller, Shagan Windvogel, Boer van Niekerk, André Tredoux en Arné Grobbelaar klaarkom, maar het darem ook aanwinste in Henjo van Niekerk (Tukkies, slot), Hanno Pieterse (SUT, flank) en André Schlechter (Maties, voorry) gekry.

Wat verder vanjaar die eerste keer gebeur het, is dat Shimla-spelers wat in Vrystaat se Vodacom-beker-groep is, vrygestel is

**Prof. Jonathan saam met Os du Randt,
voormalige Springbokstut.**

om vir hul universiteitspan uit te draf. So is Schlechter, Johan Wessels (flank), George Whitehead (heelagter), PW van Vuuren (haker), Beast Ndwendwa (vleuel) en Pieter Labuschagné (flank) almal aan Jaco Swanepoel, Shimla-breier, beskikbaar gestel, wat sy span aansienlik versterk.

Wat ook baie bemoedigend is, is die hoeveelheid toeskouers wat vir die eerste tuiswedstryd teen NMMU op Shimlapark opgedaag het. Nagenoeg 5 000 studente het deur die hekke gegaan en volgens Dougie Heymans, rugbybestuurder by KovsieSport, was dit die grootste skare in etlike jare.

Shimlas se grootste toets sou egter in die derde ronde aanbreek met 'n wegwedstryd teen hul aartsvyand, die Pukke. Buitendat Shimlas die vorige twee jaar in die Varsity Cup teen die Pukke slae gekry het, is dit nou al ses wedstryde tussen dié twee spanne wat Shimlas laas 'n oorwinning kon smaak.

Die Steinhoff Koshuisliga het ook afgeskop met Vishuis wat ons universiteit verteenwoordig. Dis die enigste amptelike reeks wat koshuise die spogreg gee om as beste rugbykoshuis in die land gekroon te word.

Die UV is boonop die verdedigende kampioen, met Armentum wat verlede jaar alle teenstand uit die pad gevee het om die titel te buit.

Vishuis speel teen Dagbreek (Maties), Tornadoes (UKT) en die Madibas (NMMU) in die groepfase voordat die halfeindronde en eindstryd op 22 en 29 Maart onderskeidelik beslis word. - **Ruan Bruwer**



Foto's: Gerhard Louw

Did you know...

The Faculty of Law is one of the oldest in the country and the only Faculty of Law in the judicial capital of South Africa. Ten judges of the High Courts as well as judges of the Supreme Court of Appeal serve as extraordinary professors and honorary professors. They form the colloquium jurisprudentium of the faculty which contributes immeasurably towards the maintenance of the high quality of teaching and research outputs of the faculty.

Grow outside yourselves, says US ambassador to our students

"The excitement and energy I see in your university's students to make this one of the best universities in the country and setting an example to the world is exciting and inspiring." These were the words of the USA ambassador to South Africa, Donald Gips, when he visited our Main Campus for the opening of the Get Success@UFS Week in January this year.


He encouraged our first-year students who were present to take advantage of the opportunities they have at our university to grow outside themselves, to prove the value of diversity and make our university a place where they will grow as individuals; and also contribute back to the community.

He said that transformation was an ongoing project that everyone had to keep working towards. "I am quite convinced that being here today and watching the students and professors tackle this challenge, this university will succeed." The purpose of the Get Success@UFS Week is to acquaint the first-year students with our university and the academic opportunities that are available to them.

- **Lacea Loader**

**Ambassador
Donald Gips.**

Photo: Hannes Pieterse





Rudi embracing (student) life at Kovsies.

We've made progress, says new Student Dean

Diversity is not only about numbers and racial integration. It is also about experience, ideas, disciplines, discussion, debate and more, says Rudi Buys (36), newly appointed Dean of Student Affairs. The task is to produce mature, worthy individuals that not only our university, but also the whole of South Africa will be proud of.

